**Vir wie is menseregte?**

**Nico Koopman***

Ons vier elke jaar op 21 Maart Menseregtedag en toon dan ons dankbaarheid vir die Handves van Regte as die hartklop van die Suid-Afrikaanse Grondwet. Ons Grondwet is ’n toonbeeld van die soort lewe waaroor ons vir elke Suid-Afrikaner droom. Alle Suid-Afrikaners moet ’n lewe van waardigheid, genesing van alle wonde, geregtigheid, vryheid en gelykheid geniet.

Om dit te verwesenlik, moet daar aan drie stelle regte voldoen word, naamlik eerste dimensie – politieke en siviele regte; tweede dimensie – sosio-ekonomiese regte; en derde dimensie – ekologiese en ontwikkelingsregte. Suid-Afrikaners het reeds goed – hoewel nog nie heeltemal nie – gevorder om uitvoering te gee aan die eerste dimensie, maar ons sukkel nog om die tweede dimensie – sosio-ekonomiese regte – te verwesenlik.

Te veel mense gaan slaap nog honger; te veel is haweloos; te veel is werkloos; te veel het nog nie toegang tot onderwys en gesondheidsorg van ’n goeie gehalte nie; te veel medeburgers – jonk en oud – is steeds gemarginaliseerd. Menswaardigheid is nie vervul so lank as wat die doelbewuste vernietiging van natuurlike omgewing voortduur nie (ekosabotasie). Menslike en natuurlewe is per slot van rekening vervleg.

Hierdie regte sal floreer waar ons ’n kultuur van menseregte skep. Hierdie tipe kultuur het ten minste vyf vlakke. Eerstens veronderstel dit dat ons onbewustelik én bewustelik ’n vooroordeel vir regte het. Tweedens verseker ons dat hierdie regte ingesluit en ingebed word in alle beleide en strukture van instellings en die breër samelewing. Derdens voeg ons al ons mag, gesag en hulpbronne saam om regte in institusionele en gemeenskapsbeleide, -strukture en -prosesse te vergestalt. Vierdens put ons uit verskillende godsdienstige, kulturele, filosofiese en intellektuele wêreldsienings ten einde menseregte te veroorloof en te bevorder. Laastens weerspieël ons ’n samelewing, instellings en individue van menseregte as normaal, as die norm.

Menseregte sing ’n duet. Ons het mense nodig wat deugde vergestalt, met ander woorde geneigdhede, intuïsies, neigings, gewoontes, vatbaarhede, ’n geprogrammeerdheid om in ooreenstemming met waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid beliggaamd te wees en op te tree.

Menseregte het weens voortdurende diskriminasie, vernedering en vervreemding, asook weens die harde uitroepe vir waardigheid, erkenning, mede-eienaarskap en om te behoort ontstaan. Handveste van Regte het tot stand gekom omdat fisieke, sielkundige, geestelike, morele, sosiale, politieke, ekonomiese en ekologiese wonde en seerplekke bestaan, en die pleidooi vir genesing en restitusie geuiter word. Regte word gevier omdat ongeregtigheid in veelvuldige vorme algemeen voorkom en oproepe om geregtigheid en regverdigheid deurlopend voorkom.

Ons vier jaarliks Menseregtedag omdat onderdrukking en intimidasie, afknouery en die stilmaak van mense voortduur, en omdat daar ’n verlange is na vryheid van onderdrukking

en vryheid vir verantwoordelike, voorspoedige en vervulde lewe. Menseregte sal deel bly van ons diskoers vir so lank as wat ongelykheid voortduur en elke Suid-Afrikaner nie gelykheid van waarde en waardigheid, gelykheid van toegang tot noodsaaklikhede, goedere, geleenthede en lewensvreugde ervaar nie.

Regte is vir alle mense. Die lewe wat menseregte wil verwesenlik, is vir alle mense bedoel. Om reg te laat geskied, moet daar egter ’n prioritisering in soeke na geregtigheid wees.

Ten slotte …
’n Kultuur van menseregte beteken ons moet saamwerk vir die vervulling van regte vir almal. Ons onderskei ook saam oor die prioritiserings wat van toepassing moet wees. Dit vereis dat ons gemeenskaplike simpatie (om saam met mekaar te voel), gemeenskaplike empatie (om jou werklik in die ander persoon se situasie te kan indink) en gemeenskaplike “interpatie” (om jou werklik in ander mense met verskillende wêreldsienings en kulture en selfs diegene met wie ons in konflik is of was, se posisie in te dink en “in te voel”.

Die Handves van Regte is ’n geskenk aan alle Suid-Afrikaners. Ons het amper drie dekades gelede dit saam opgestel en onsself saam daartoe verbind. Op Menseregtedag word daar weer eens ’n beroep op ons gedoen om dit saam te verwesenlik.

- Klik hier vir die artikel soos geplaas.

***Prof Nico Koopman is Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel aan die Universiteit Stellenbosch.**